


Welkom by week 5 van 'n 7 weke reeks: Klere vir die Okkasie. Vanaand praat ons oor: **Geloof: ons geheime bestanddeel!** *Click* op die link om vanaand se diens te kyk:

https://www.youtube.com/channel/UCNSvbXWhRFKUWsRpch1wG8g

Daar is darem niks lekkerder as lekker kos nie! Dikwels is die verskil tussen "gewone" kos en iets was regtig *yummy* is, een geheime bestanddeel! Dit is hoekom party mense so suinig met hul resepte is! Hulle is nie bereid om daardie geheime bestanddeel sommer net met die res van die wêreld te deel nie.

Geloof is sonder twyfel elke volgeling van Jesus se geheime bestanddeel. Sonder geloof sal ons nooit kan groei in ons verhouding met die Here nie. En, soos wat Efesiërs 6 ons herinner, is ons geloof 'n belangrike deel van hoe ons die stryd teen die vyand kan oorwin.

Dink gou saam aan die verskil tussen 'n borsharnas en 'n skild. Ons lees dat ons die skild van geloof kan gebruik om die brandpyle van die bose te kan afweer. Hoe werk 'n borsharnas? Kan ek 'n borsharnas rondbeweeg sodra ek hom aangetrek het? Nee! Die borsharnas gaan nêrens heen nie! Ek kan nie sommer gou iemand met my borsharnas oor die kop slaan nie. 'n Skild is egter gemaak om rond te beweeg. 'n Skild is 'n aktiewe stuk van my wapenrusting..... ek kan hom gebruik deur my arms te beweeg in die rigting waar die brandpyl vandaan kom.

Net so is die geheime bestanddeel van my wenresep niks werd as ek dit nie byvoeg by die res van my kos nie. Net omdat die geheime bestanddeel in my huis is, beteken nog nie dat hy deel is van my kos nie!

Geloof is 'n geskenk wat God vir elkeen van ons gee. Ons kan dit nie verdien nie, en dit is ook nie iets wat die Here van ons af sal wegneem nie. Maar die manier hoe my verhouding met die Here ontwikkel en groei, hang af van hoe ek my geloof aanwend.

As geloof die saadjie is, dan moet ek sorg dat hy geplant word en dat hy water kry. Eers wanneer ek my geloof beoefen en deel maak van my lewe, begin my lewe vrug te dra. Wanneer my geloofsaadjie ontkiem en groei, volg liefde, omgee, selfbeheersing en 'n klomp ander dinge!

Jy kan maar die brandpyle van die bose verwag. Dit gaan kom. Maar jy is nie weerloos of onveilig in die Here se hand nie. Hy het jou toegerus met 'n sterk en ondeurdringbare skild; die skild van geloof. Gebruik jou skild, oefen met jou skild. So leef jy elke dag in oorwinning saam met die Here!




## #GROEPSTYD:

Tyd vir opvang

- # Hoe gaan dit met elke persoon in jou groep? Wat het hul die afgelope week aangevang? Watter *oppe* en *awwe* het elkeen beleef die afgelope week?
- # As jy dalk die op jou eie doen, doen moeite om by jou vriende uit te vind hoe dit gaan. Of hoor dalk by jou kerkleier hoe dit met hom/haar gaan.

## #WAT SÊ DIE BYBEL VIR ONS?

Wanneer daar in die Bybel na geloof verwys word, kom een spesiale man (ook in die Nuwe Testament) se naam dikwels ter sprake. Kan jy raai wie dit is?

Dit is natuurlik Abraham!

Kom ons lees saam wat **Romeine 4:18-22** oor Abraham en sy geloof te sê het (Die Boodskap vertaling):

*"Selfs toe alles hopeloos gelyk het, het Abraham geglo dat hy die pa van baie volke sou word. Hy het altyd vasgehou aan die woorde wat God vroeër vir hom gesê het: "Jy sal 'n groot nageslag hê." Later, toe Abraham al by die 100 jaar oud was, het hy hom glad nie blind gestaar teen die feit dat hy nie meer in staat was om kinders te verwek nie. En al was sy vrou Sara al te oud om 'n kind te hê, het hy nie moed opgegee nie. Abraham se geloof was die kragbron van sy lewe. Hy het God se hand styf vasgehou en aangehou om Hom te eer. Abraham het geweet dat God die een of ander tyd sou doen wat Hy belowe het. Daarom dat sy geloof hom in die regte verhouding met God laat leef het."*

**Gesels met mekaar:**

- ☞ Wat leer jy uit Abraham se lewe?
- ☞ Ons lees hier bo hierdie interessante woorde: "Abraham se geloof was die kragbron van sy lewe." Wat dink jy beteken dit?
- ☞ Wat dink jy van die volgende stelling: "Geloof is minder soos kitskos, en meer soos 'slow food' wat lank geprut het"?

## #GETREAL

Gesels met jou vriend langs jou: Kom ons sê daar gebeur iets wat jou erg teleurstel: jy kry 'n besering voor 'n belangrike sportseisoen, jou ouers wil skei, 'n belangrike verhouding verbrokkel… hoe kan jou geloof in God jou help in so 'n tyd? Wat is die rol wat ons geloof speel in moeilike tye?

## BID VIR MEKAAR

- Bid vir die persoon langs jou. Bid vir haar/sy geloof en dat sy haar geloof sal beoefen soos 'n skild wat brandbyle van die bose kan afweer.
- Bid vir haar/sy verhouding met die Here en dat haar/sy geloof haar kragbron sal wees.
- Waarvoor/ vir wie anders kan ons vandag bid?

## #GET REAL

- Hoe lyk jou geloof? Is jy seker oor wat jy glo? Of is 2020 besig om regtig pyle in jou rigting te skiet en jou skild is nie gereed nie? Gesels met jou groepleier as jy selfs 'n klein bietjie twyfel.
- Kom luister Sondag na 'n wat saam gesels oor die pyle van die lewe en hoe ons aanhou kan vahou in die Hoop.
- Ons *challenge* jou om elke week in te skakel en om saam met ons te kom bid.

